

2.16 BETALINGS AAN UNIVERSITEIT STELLENBOSCH (US)

Beleid nommer: 018A/06/04

Oudit & Risiko komitee: 8 Oktober 2018

Bestek: Die beleid bevat die inligting oor hoe om 'n betaling aan die US te maak.

Beleid:

Die US het verskillende betalings platforms beskikbaar gemaak om fondse te ontvang, insluitend publieke begunstigde lyste by onderskeie SA banke vir elektroniese fonds oorplasinge ("EFT"), mobiele punt-van-koop toestelle, aanlyn en in-toep betalings skakels, vinnige reaksie kodes ("QR-code") en wêreldwye aanlyn betaling stelsel vir buitelandse aanlyn fonds oorplasinge.

Kredietkaarte word slegs aanvaar vir 'n transaksie waar dit aangebied ("tapped, inserted or swiped") word deur die kaarthouer. Derde party prosessering namens die kaarthouer is nie meer toelaatbaar op die punt-van-koop toestelle (kredietkaartmasjiene) nie.

Die koste van die onderskeie betalings platform en transaksiefooi (kommissie) verbonde aan inbetalings sal vir die rekening van die betrokke departement/instituut/afdeling/omgewing wees.

Verdere besonderhede kan by die Finansies Afdeling:Fondse en Batebestuur verkry word by sunbank@sun.ac.za.

Kontak afdeling:

Finansies Afdeling: Fondse en Batebestuur